HOOFSTUK 2

AANSTELLING EN AMP VAN KOMMISSARIS

Aanstelling

2. (1) Die Premier moet 'n persoon as Kommissaris aanstel vir 'n tydperk van vyf jaar, welke termyn eenmalig hernubaar is. 5
- (2) Die staande komitee moet—
- (a) deur middel van kennisgewings in die media, in die amptelike tale van die Provinsie, benoemings deur die publiek aanvra van geskikte persone om die betrekking van Kommissaris te vul;
 - (b) 'n lys van die name van alle benoemings ontvang in die media, in die amptelike tale van die Provinsie, publiseer, waarby besware van lede van die publiek aangevra word teen enige name wat op die lys benoemings verskyn; 10
 - (c) alle benoemings en besware ontvang, oorweeg, 'n kortlys van kandidate opstel en elke persoon op die kortlys vir 'n onderhoud nooi;
 - (d) afskrifte van alle benoemings en besware ontvang na die Premier aanstuur; en 15
 - (e) sy aanbeveling vir die aanstelling van 'n Kommissaris in die Provinsiale Parlement vir aanneming ter tafel lê.
- (3) Indien die Provinsiale Parlement die aanbeveling van die staande komitee aanneem, moet die Provinsiale Parlement die aanbeveling aan die Premier voorlê.
- (4) Die Premier moet, binne 21 dae vandat hy of sy die aanbeveling van die Provinsiale Parlement ontvang het en ná oorweging van die benoemings en besware wat die staande komitee verskaf het— 20
- (a) die persoon wat die Provinsiale Parlement aanbeveel het, as Kommissaris aanstel; of
 - (b) die aangeleentheid vir heroorweging na die Provinsiale Parlement terugverwys en redes vir sy of haar besluit verskaf. 25

Bevoegdheid vir aanstelling

3. (1) Die Kommissaris moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees wat—
- (a) 'n geskikte en gepaste persoon is; en
 - (b) beskik oor bewese gespesialiseerde kennis van, of toepaslike professionele ondervinding of 'n akademiese rekord in, openbare beleid, menseregte en kwessies wat kinders raak. 30
- (2) Die Kommissaris mag nie, ná diensaanvaarding as Kommissaris—
- (a) 'n lid van die nasionale Parlement, 'n provinsiale wetgewer of 'n munisipale raad wees nie; 35
 - (b) 'n lid van 'n nasionale, provinsiale of munisipale openbare entiteit of statutêre liggaam wees nie;
 - (c) in diens van enige staatsorgaan wees nie;
 - (d) enige amp in 'n politieke party beklee nie; of
 - (e) enige amp beklee wat 'n belangebotsing veroorsaak nie. 40
- (3) 'n Persoon mag nie benoem word vir of aangestel word as die Kommissaris nie indien hy of sy—
- (a) te eniger tyd skuldig bevind is aan—
 - (i) 'n misdryf wat met oneerlikheid of geweld verband hou; of
 - (ii) 'n seksuele misdryf soos omskryf in artikel 1 van die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007); 45
 - (b) ongeskik is om met kinders te werk soos beoog in die "Children's Act, 2005" (Wet 38 van 2005); of
 - (c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is. 50

Verwydering en skorsing

4. (1) Die Kommissaris kan van sy of haar amp onthef word slegs—
- (a) op grond van wangedrag, onbevoegdheid of onbekwaamheid;
 - (b) by 'n bevinding en aanbeveling te dien effekte deur die staande komitee; en
 - (c) by aanneming deur die Provinsiale Parlement van 'n besluit wat die ontheffing van die Kommissaris van sy of haar amp eis. 55

- (2) Die Premier—
- (a) kan die Kommissaris uit sy of haar amp skors te eniger tyd ná die aanvang van die verrigtinge van die staande komitee betreffende die onthef van die Kommissaris van sy of haar amp; en
 - (b) moet die Kommissaris van sy of haar amp onthef by aanneming deur die Provinsiale Parlement van die besluit ingevolge subartikel (1)(c) wat die onthef van die Kommissaris van sy of haar amp eis. 5

Vakature

5. (1) Die amp van Kommissaris word vakant indien—
- (a) die ampstermyn van die Kommissaris verstryk; of 10
 - (b) die Kommissaris—
 - (i) sterf;
 - (ii) sy of haar skriftelike bedanking ten minste drie kalendermaande voor die datum waarop die Kommissaris die amp wil ontruim, indien, tensy die Premier in 'n bepaalde geval 'n korter tydperk toelaat; of 15
 - (iii) soos beoog in artikel 4 van die amp onthef word.
- (2) Indien die Kommissaris soos beoog in artikel 4(2)(a) geskors is of 'n vakature soos beoog in subartikel (1) ontstaan, kan die Premier ná oorleg met die Provinsiale Parlement, totdat die skorsing gelig word of 'n nuwe Kommissaris soos beoog in artikel 2(4)(a) aangestel word, 'n waarnemende Kommissaris aanstel. 20
- (3) Indien 'n vakature soos beoog in subartikel (1) ontstaan, moet die prosedure om 'n Kommissaris aan te stel soos beoog in artikel 2(2) tot (4) gevolg word.
- (4) Onder die omstandighede beoog in subartikel (3) moet die staande komitee, binne 30 dae vandat die vakature ontstaan het, soos beoog in artikel 2(2)(a) benoemings aanvra. 25

HOOFSTUK 3

BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN KOMMISSARIS

Beginsels wat optrede van Kommissaris lei

6. By die uitoefening en verrigting van sy of haar bevoegdheede en pligte moet die Kommissaris— 30
- (a) onafhanklik, onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel handel;
 - (b) behoudens artikel 231 van die Grondwet, die beginsels en regte wat in internasionale verdrae, konvensies en ooreenkomste voorgeskryf word en kinders raak, in ag neem;
 - (c) die Grondwet, ander nasionale wetgewing betreffende kinders en die Provinsiale Grondwet in ag neem; 35
 - (d) streef om die regte, behoeftes en belange van kinders in alle gebiede van die samelewing in die Provinsie te bevorder en te beskerm; en
 - (e) streef om te verseker dat kinders in die Provinsie toegang tot die kantoor van die Kommissaris het. 40

Monitering

7. (1) Die Kommissaris moet—
- (a) die impak van dienste gelewer deur provinsiale staatsorgane op die regte, behoeftes en belange van kinders monitor;
 - (b) die impak van provinsiale beleid en provinsiale wetgewing op die regte, behoeftes en belange van kinders monitor; en 45
 - (c) provinsiale moniteringstelsels instel vir die beskerming en bevordering van die regte, behoeftes en belange van kinders in die Provinsie.
- (2) Die moniteringstelsels beoog in subartikel (1)(c) moet—
- (a) in die besonder gerig wees op die regte, behoeftes en belange van kinders met betrekking tot gesondheidsdienste, onderwys, welsynsdienste, ontspanning en geriewe, en sport; 50
 - (b) voorsiening maak vir die insameling van gepaste data en nodige inligting; en
 - (c) die patrone, oorsake en gevolge van enige negatiewe uitwerking op die regte, behoeftes of belange van kinders identifiseer, 55

ten einde die bevordering en beskerming deur die Wes-Kaapse Regering van die regte, behoeftes en belange van kinders te evalueer.

(3) Die Kommissaris moet, ná oorleg met tersaaklike staatsorgane, meganismes en prosedures instel vir die Kommissaris om die aangeleenthede beoog in subartikels (1) en (2) te koördineer. 5

(4) Die Kommissaris moet hom of haar beywer om samewerkende betrekkinge te bou met—

- (a) die hoofde van provinsiale departemente, om die volgende te monitor:
 - (i) die regte, behoeftes en belange van kinders in die Provinsie;
 - (ii) behoudens artikel 231 van die Grondwet, die uitvoering van internasionale verdrae, konvensies en ooreenkomste wat kinders raak;
 - (iii) die regte, behoeftes en belange van kinders in tuissorg, voogsorg, tydelike veilige sorg en kinder- en jeugsorgsentrusms;
 - (iv) die regte, behoeftes en belange van kinders in hospitale, gesondheidsorgfasiliteite en tuisgebaseerde gemeenskapsgesondheidsprogramme; 15
 - (v) die regte, behoeftes en belange van kinders in skole en ander onderwysfasiliteite;
 - (vi) toegang aan kinders tot ontspanning en sportgeriewe; en
 - (vii) provinsiale projekte ten bate van kinders; 20
- (b) die Streekskommissaris van Korrektiewe Dienste in die Provinsie, om die beskikbaarheid en gehalte van ontspanningsgeriewe en gesondheids-, maatskaplikeontwikkelings- en onderwysdienste vir kinders in die gevangenis en kinders in amptelike aanhouding te monitor;
- (c) die Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Provinsie, om die aangemelde getal misdade wat deur of teen kinders gepleeg is, te monitor ten einde die samewerking te optimeer tussen die Suid-Afrikaanse Polisiediens en provinsiale departemente wat werk met kinders wat bots met die gereg of teen wie 'n misdaad gepleeg is, of wat 'n uitwerking het op sodanige kinders of wat 'n diens aan sodanige kinders lewer; 25 30
- (d) die nasionale departement verantwoordelik vir justisie, om die samewerking te optimeer tussen daardie departement en provinsiale departemente wat werk met, 'n uitwerking het op of 'n diens lewer aan—
 - (i) kinderslagoffers van misdaad;
 - (ii) die kantoor van die Gesinsadvokaat; 35
 - (iii) Gesinshowe;
 - (iv) Kinderhowe;
 - (v) aanklaers wat met kinders werk; en
 - (vi) strafhowe wat sake hanteer waarby kinders betrokke is;
- (e) organisasies, instellings en agentskappe wat werk met, 'n uitwerking het op of 'n diens lewer aan kinders in die Provinsie, om praktyk te monitor en samewerking tussen provinsiale staatsorgane en sodanige organisasies, instellings en agentskappe te bevorder ten opsigte van aangeleenthede wat met die beskerming van die regte, behoeftes en belange van kinders verband hou; en 45
- (f) tersaaklike nasionale departemente en munisipaliteite in die Provinsie, waar toepaslik, om wetgewing, beleid, praktyk en dienslewering wat kinders raak, te monitor.

Ondersoeke

8. (1) Die Kommissaris kan— 50

- (a) ten opsigte van enige aangeleentheid wat binne die bestek van sy of haar bevoegdhede of pligte val, ondersoeke doen of begin of navraag doen; en
- (b) aanbevelings soos beoog in artikel 12 betreffende daardie ondersoeke of navrae maak.

(2) Die Kommissaris kan klagtes oor dienste wat deur provinsiale staatsorgane gelewer is wat die regte, behoeftes of belange van kinders in die Provinsie raak, ontvang, probeer oplos en ondersoek. 55

(3) Behoudens hierdie Wet bepaal die Kommissaris, met behoorlike inagneming van die omstandighede van elke geval, die prosedure wat gevolg moet word wanneer ondersoek of navraag gedoen word. 60

(4) Die Kommissaris kan 'n ondersoek na 'n aangeleentheid uitvoer slegs indien die Kommissaris op redelike gronde oortuig is dat die ondersoek nie die werk van enige ander staatsorgaan sal dupliseer nie.

(5) Die Kommissaris mag nie 'n ondersoek uitvoer oor enige aangeleentheid wat die onderwerp van regsverrigtinge voor 'n hof of tribunaal is nie. 5

Navorsing

9. Die Kommissaris kan—

- (a) navorsing doen of inisieer—
 - (i) ten opsigte van enige aangeleentheid wat binne die bestek van sy of haar bevoegdhede of pligte val; of 10
 - (ii) wat ten doel het om ten grondslag te lê aan die ontwikkeling van beleid of praktyk wat in die belang van kinders is;
- (b) by die identifisering, onderneming en uitvoering van navorsing beoog in paragraaf (a), samewerking met die openbare en privaat sektor, burgerlike samelewing en akademiese instellings vergemaklik; en 15
- (c) by die identifisering, onderneming en uitvoering van sodanige navorsing, voorsiening maak vir insette van die openbare en privaat sektor, burgerlike samelewing, akademiese instellings en lede van die publiek, waar van toepassing.

Opvoeding 20

10. Die Kommissaris kan inligtingsprogramme ontwikkel en hou om die publiek op te voed en begrip en bewustheid by die publiek te kweek van—

- (a) hierdie Wet;
- (b) die Grondwet, ander nasionale wetgewing betreffende kinders en die Provinsiale Grondwet; 25
- (c) behoudens artikel 231 van die Grondwet, tersaaklike internasionale verdrae, konvensies en ooreenkomste wat kinders raak;
- (d) projekte en programme wat kinders in die Provinsie raak; en
- (e) enige ander aangeleentheid wat binne die bestek van die Kommissaris se bevoegdhede of pligte val. 30

Steunwerwing

11. Die Kommissaris kan—

- (a) steun by lede of groepe lede van die Provinsiale Parlement, nasionale Parlement of 'n munisipale raad werf en aanbevelings maak betreffende— 35
 - (i) enige stelsel van gesinsreg;
 - (ii) enige stelsel van inheemse reg, gebruike of praktyk; of
 - (iii) enige bestaande of voorgestelde wetgewing, wat by die lewering van dienste deur provinsiale staatsorgane die regte, behoeftes of belange van kinders raak of waarskynlik sal raak;
- (b) steun by enige staatsorgaan, organisasie, instelling of agentskap werf en aanbevelings maak ten opsigte van enige bestaande of voorgestelde beleid of praktyk wat die regte, behoeftes of belange van kinders raak of waarskynlik sal raak; 40
- (c) samewerking en insette van die openbare en privaat sektor aanvra wanneer steun vir beleidsontwikkeling of die hersiening van wetgewing gewerf word. 45

Raad gee en aanbevelings maak

12. (1) Die Kommissaris kan raad gee en aanbevelings maak aan—

- (a) enige staatsorgaan wie se beleid, wetgewing of praktyk by die lewering van dienste deur provinsiale staatsorgane die regte, behoeftes of belange van kinders raak of waarskynlik sal raak; en 50
- (b) enige persoon of staatsorgaan wie se beleid en praktyk ten opsigte van kinders deur die Kommissaris gemonitor, ondersoek of nagevors is.

(2) Wanneer die Kommissaris aan enige persoon of staatsorgaan 'n aanbeveling maak, moet daardie persoon of staatsorgaan, binne 'n redelike tydperk vermeld deur die Kommissaris, skriftelik aan die Kommissaris verslag doen van sy optrede in reaksie op die aanbeveling.

(3) Enige persoon of provinsiale staatsorgaan wat, hetsy in die geheel of gedeeltelik, weier of versuim om 'n aanbeveling gemaak deur die Kommissaris uit te voer, moet, op versoek van die Kommissaris, binne 'n redelike tydperk vermeld deur die Kommissaris, skriftelike redes vir sodanige weiering of versuim aan die Kommissaris verskaf. 5

Versoeke dat aangeleenthede gemonitor, ondersoek of nagevors word

13. (1) Enigiemand kan die Kommissaris versoek om 'n aangeleentheid vir monitering, ondersoek of navorsing op te neem ingevolge die bevoegdhede en pligte aan die Kommissaris verleen en opgelê by hierdie Wet. 10

(2) Subartikel (1) raak nie die bevoegdheid van die Kommissaris ingevolge hierdie Wet om uit eie beweging 'n aangeleentheid vir monitering, ondersoek of navorsing op te neem nie. 15

(3) 'n Versoek ingevolge subartikel (1) dat 'n aangeleentheid vir monitering, ondersoek of navorsing deur die Kommissaris opgeneem word, moet, so ver as moontlik, op skrif en in die formaat bepaal deur die Kommissaris wees.

(4) 'n Versoek beoog in subartikel (3) moet die volgende bevat:

(a) die naam en adres van die persoon wat die aangeleentheid versoek of aanvoer; 20

(b) redes waarom die Kommissaris die aangeleentheid behoort te monitor, ondersoek of na te vors;

(c) 'n samevatting van die bewys ter staving van die opvatting dat die aangeleentheid gemonitor, ondersoek of nagevors behoort te word, in die mate waarin sodanige bewys beskikbaar is; 25

(d) die name en adresse van persone of staatsorgane wat vermoedelik betrokke is, in die mate waarin sodanige inligting beskikbaar is;

(e) 'n beskrywing van enige dokument of materiaal wat oorweeg behoort te word; en

(f) 'n afskrif van die dokument of materiaal bedoel in paragraaf (e), indien 30 beskikbaar.

(5) Die Kommissaris kan van die vereistes beoog in subartikel (4) afsien indien die versoek beoog in subartikel (3) deur 'n kind gemaak word.

(6) Onder die omstandighede beoog in subartikel (1), indien die versoek deur 'n kind gemaak word, moet die Kommissaris voorsiening maak vir kindervriendelike 35 prosedures.

(7) Die besluit om 'n aangeleentheid te monitor, te ondersoek of na te vors berus volkome by die Kommissaris, behoudens artikel 6.

Kinderdeelname

14. (1) Die Kommissaris moet die betrokkenheid van kinders by die werk van die Kommissaris aanmoedig. 40

(2) Die Kommissaris moet redelike stappe doen om—

(a) toe te sien dat kinders bewus gemaak word van die bevoegdhede en pligte van die Kommissaris;

(b) toe te sien dat kinders ingelig word van die wyses waarop hulle met die Kommissaris kan kommunikeer en 'n antwoord van die Kommissaris kan kry; en 45

(c) kinders en organisasies wat met kinders werk, raadpleeg oor die werk wat die Kommissaris opneem.

(3) Die Kommissaris moet ooreenkomstig hierdie artikel 'n strategie ontwikkel en 50 onder hersiening hou om kinders by die werk van die Kommissaris te betrek.

Bykomende bevoegdhede en pligte

15. (1) Ten einde die Kommissaris in staat te stel om sy of haar bevoegdhede en pligte beoog in artikel 8 uit te oefen en te verrig, kan die Kommissaris—

(a) enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens vergesel wanneer daardie lid 55 bevoegdhede van deursoeking en beslaglegging uitoefen ten opsigte van

enige aangeleentheid wat met die belange en beskerming van kinders verband hou;

- (b) enige persoon as getuie dagvaar of kennis aan enige persoon gee om voor die Kommissaris te verskyn om te getuig, of om enige boek, verslag, dokument of voorwerp in sy of haar besit of onder sy of haar beheer te verskaf, op die tyd en plek vermeld in die dagvaarding of kennisgewing; 5
- (c) 'n eed of plegtige verklaring op enige persoon wat as 'n getuie voor die Kommissaris verskyn, oplê.

(2) Die dagvaarding of kennisgewing beoog in subartikel (1)(b) moet onderteken en uitgereik word deur die Kommissaris, en deur die Kommissaris of enige ander persoon wat deur die Kommissaris gemagtig is om dit te doen, beteken word, op dieselfde wyse as 'n dagvaarding om te getuig of kennisgewing, na gelang van die geval, vir 'n getuie by verrigtinge van die Hooggeregshof. 10

(3) 'n Persoon wat voor die Kommissaris verskyn, kan op sy of haar eie onkoste bygestaan word deur 'n regsvertegenwoordiger. 15

(4) Enige getuienis of antwoord gegee of verklaring afgelê deur 'n persoon wat voor die Kommissaris verskyn na aanleiding van 'n dagvaarding of kennisgewing beoog in subartikel (1)(b), mag nie teen daardie persoon in enige hof gebruik word nie, behalwe in strafregtelike verrigtinge waar daardie persoon vir meened of 'n misdryf beoog in artikel 26(c)(iv) of (v) verhoor word. 20

Verslagdoening

16. (1) Die Kommissaris moet—

- (a) jaarliks aan die Provinsiale Parlement verslag doen—
- (i) ooreenkomstig artikel 79(2)(a) van die Provinsiale Grondwet; en
 - (ii) oor die aktiwiteite, verrigting van die werksaamhede en bereiking van die doelwitte van die kantoor van die Kommissaris; en 25
- (b) aan die Premier en ander tersaaklike staatsorgane inligting afkomstig van ondersoeke, monitering en navorsing versprei en daarvoor verslag doen op 'n wyse wat, na die mening van die Kommissaris, die Wes-Kaapse Regering sal bystaan in die beskerming en bevordering van die regte, behoeftes en belange van kinders. 30

(2) Die Kommissaris kan op enige ander tyd 'n spesiale verslag aan die Provinsiale Parlement voorlê oor enige aangeleentheid wat met die uitvoering van hierdie Wet verband hou wat, na die mening van die Kommissaris, nie tot die voorlegging van die jaarverslag uitgestel behoort te word nie. 35

Werking van Kommissaris

17. (1) Ander provinsiale staatsorgane moet die Kommissaris bystaan en beskerm om die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid en doeltreffendheid van die kantoor van die Kommissaris te verseker.

(2) Geen persoon of staatsorgaan mag by die werking van die Kommissaris of sy of haar personeel inmeng of dit verhinder nie. 40

Toegang tot inligting en instellings

18. (1) Behoudens die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000), en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013), moet alle persone of staatsorgane wat werk met of 'n diens lewer aan kinders of wat kinders raak, op versoek van die Kommissaris, inligting verstrek ten opsigte van enige aangeleentheid wat binne die bestek van die Kommissaris se bevoegdhede of pligte val. 45

(2) Alle staatsorgane wat werk met of 'n diens lewer aan kinders of wat kinders raak, moet die Kommissaris toegang gee tot hul perseel vir die doel om enige werksaamheid van die Kommissaris ingevolge hierdie Wet uit te voer. 50

(3) Indien die toegang beoog in subartikel (2) tot 'n skoolperseel is, moet die Kommissaris sy of haar bevoegdhede uitoefen en sy of haar pligte verrig op 'n wyse wat skoolaktiwiteite die minste ontwrig en die reg van 'n kind tot onderwys in ag neem.

HOOFSTUK 4

ADMINISTRASIE VAN KANTOOR VAN KOMMISSARIS

Personeel

19. (1) Die Direkteur-generaal van die Provinsie, of 'n ander beampte wat kragtens gedelegeerde bevoegdheid handel, moet ingevolge die Staatsdienswet, 1994, die personeellede aanstel wat vir die uitoefening of verrigting van die bevoegdhe en pligte van die Kommissaris benodig word. 5

(2) Die personeellede beoog in subartikel (1) moet by die verrigting van hul werksaamhede die beginsels beoog in artikel 6 toepas.

Finansiering

10

20. Die Provinsiale Parlement moet fondse binne die Provinsie se hulpbronne bewillig om die Kommissaris in staat te stel om sy of haar bevoegdhe en pligte ingevolge hierdie Wet uit te oefen en te verrig.

Vergoeding en aanstellingsvoorwaardes van Kommissaris

21. Die Premier, met die instemming van die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies, moet die vergoeding en ander aanstellingsbepalings en -voorwaardes van die Kommissaris bepaal, met inagneming van die beskikbare hulpbronne van die Provinsie. 15

Skenkings

22. Die kantoor van die Kommissaris kan, behoudens toepaslike finansiële voorskrifte, skenkings ontvang. 20

HOOFSTUK 5

ALGEMENE BEPALINGS

Aanspreeklikheid

23. Die Kommissaris is nie aanspreeklik ten opsigte van enige redelike handeling wat te goeder trou kragtens enige bepaling van hierdie Wet of die Provinsiale Grondwet verrig is nie. 25

Delegering van bevoegdhe en opdra van pligte

24. (1) Die Kommissaris kan enige van sy of haar bevoegdhe of pligte ingevolge hierdie Wet aan 'n lid van sy of haar personeel delegeer of opdra. 30

(2) 'n Delegasie of opdrag beoog in subartikel (1)—

- (a) moet op skrif wees;
- (b) kan behoudens voorwaardes gemaak word;
- (c) kan skriftelik deur die Kommissaris ingetrek of gewysig word;
- (d) verhinder nie die Kommissaris om daardie bevoegdhe uit te oefen of daardie plig te verrig nie; en 35
- (e) onthef nie die Kommissaris van die verantwoordelikheid ten opsigte van die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdhe of die verrigting van die opgedraagde plig nie.

Regulasies

40

25. Die Premier, ná oorleg met die staande komitee, kan regulasies maak rakende enige aangeleentheid wat hy of sy nodig ag om die doelwitte van hierdie Wet te bereik.

Misdrywe en strawwe**26. Enigiemand wat—**

- (a) versuim om skriftelik aan die Kommissaris verslag te doen van sy of haar optrede in reaksie op 'n aanbeveling deur die Kommissaris, soos beoog in artikel 12(2); 5
- (b) versuim om skriftelike redes te verstrek vir sy of haar weiering of versuim om die Kommissaris se aanbevelings uit te voer, soos beoog in artikel 12(3);
- (c) ingevolge artikel 15(1)(b) regmatig gedagvaar is om te getuig of kennis gegee is en wat—
 - (i) versuim om voor die Kommissaris te verskyn op die tyd en plek 10
vermeld in die dagvaarding of kennisgewing;
 - (ii) versuim of weier om enige boek, verslag, dokument of voorwerp
vermeld in die dagvaarding of kennisgewing te verskaf;
 - (iii) weier om op versoek kragtens artikel 15(1)(c) 'n eed of plegtige
verklaring af te lê; 15
 - (iv) versuim om alle vrae wat deur die Kommissaris aan hom of haar gestel
word, volledig en bevredigend te beantwoord; of
 - (v) getuienis lewer of inligting verskaf wat onwaar of misleidend is met
die wete dat dit onwaar of misleidend is;
- (d) artikel 17(2) oortree; of 20
- (e) versuim of weier om inligting of 'n verduideliking te verskaf ten opsigte van
'n versoek om inligting deur die Kommissaris, soos beoog in artikel 18(1), of
inligting verskaf wat onwaar en misleidend is met die wete dat dit onwaar en
misleidend is, 25

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of 25
gevangenisstraf van hoogstens twaalf maande.

Kort titel en inwerkingtreding

27. Hierdie Wet heet die Wet op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders, 2019, en tree in werking op 'n datum bepaal deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant*. 30

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP OP DIE WES-KAAPSE KOMMISSARIS VIR KINDERS

1. OOGMERKE VAN WETSONTWERP

Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998) (die Provinsiale Grondwet), maak voorsiening vir die instelling van 'n Kommissaris vir Kinders (die Kommissaris) en beoog die aanname van provinsiale wetgewing om die bevoegdhede van die Kommissaris te reguleer. Die Wetsontwerp op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders, 2018 (die Wetsontwerp), maak voorsiening vir die aanstellingsproses van die Kommissaris in die Provinsie Wes-Kaap (die Provinsie). Verder maak die Wetsontwerp voorsiening vir die bevoegdhede, funksies en pligte van die Kommissaris wat hom of haar in staat stel om die grondwetlike mandaat na te kom waarvoor daar in artikel 79 van die Provinsiale Grondwet voorsiening gemaak word, te wete om aangeleenthede rakende kinders te monitor, te ondersoek, na te vors, mense daarvoor op te voed, daarvoor steun te werf, raad daarvoor te gee en verslag daarvoor te doen. Die Wetsontwerp maak ook voorsiening vir die administrasie van die kantoor van die Kommissaris.

2. AGTERGROND

'n Kommissaris vir Kinders is by artikel 78(1) van die Provinsiale Grondwet ingestel. Die Kommissaris moet die Wes-Kaapse Regering bystaan om die belange van kinders in die Wes-Kaap te beskerm en te bevorder, veral ten opsigte van—

- (a) gesondheidsdienste;
- (b) onderwys;
- (c) welsynsdiens;
- (d) ontspanning en geriewe; en
- (e) sport.

3. INHOUD VAN WETSONTWERP

- 3.1 **Klousule 1** maak voorsiening vir die uitleggedeelte van die Wetsontwerp.
- 3.2 **Klousule 2** maak voorsiening vir die aanstelling van die Kommissaris vir 'n vyfjaartermyn, wat eenmalig hernubaar is. Die aanstelling word gemaak op aanbeveling van die Provinsiale Parlement.
- 3.3 **Klousule 3** maak voorsiening vir die bevoegdheid vir aanstelling van die Kommissaris.
- 3.4 **Klousule 4** maak voorsiening vir die verwydering en skorsing van die Kommissaris op aanbeveling van die Provinsiale Parlement.
- 3.5 **Klousule 5** maak voorsiening vir die vul van 'n vakature in die amp van die Kommissaris. Die Premier mag ná oorleg met die Provinsiale Parlement 'n waarnemende Kommissaris aanstel.
- 3.6 **Klousule 6** maak voorsiening vir die beginsels wat die Kommissaris lei by die uitoefening en verrigting van sy of haar bevoegdhede en funksies.
- 3.7 **Klousule 7** maak voorsiening vir die moniteringsfunksie van die Kommissaris. Die Kommissaris moet moniteringstelsels instel om die impak van dienslewering, provinsiale beleid en provinsiale wetgewing op die regte, behoeftes en belange van kinders te monitor. Dit word verder van die Kommissaris vereis om samewerkende betrekkinge met die houe van die provinsiale departemente te bou, asook met die Streekskommissaris van Korrektiewe Dienste in die Provinsie, die Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie in die Provinsie, die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, organisasies, instellings en agentskappe wat 'n diens aan kinders lewer, en tersaaklike nasionale departemente en munisipaliteite in die Provinsie oor wetgewing, beleid, praktyk en

dienslewering wat kinders raak, ten einde die regte, behoeftes en belange van kinders te monitor.

- 3.8 **Klousule 8** maak voorsiening vir die Kommissaris om ondersoeke te doen of te begin of navraag te doen ten opsigte van enige aangeleentheid wat binne die bestek van sy of haar funksies val, en om aanbevelings te maak ten opsigte van die ondersoeke of navrae. Die Kommissaris mag klagtes oor dienste verskaf deur provinsiale staatsorgane wat die regte, behoeftes of belange van kinders raak, ontvang, probeer oplos en ondersoek. Die Kommissaris moet die prosedure wat gevolg moet word by die doen van ondersoeke en navrae, bepaal.
- 3.9 **Klousule 9** maak voorsiening vir die Kommissaris om navorsing te doen en te begin ten opsigte van enige aangeleentheid wat binne die bestek van sy of haar funksies val en om ten opsigte van navorsing samewerking met die openbare en privaat sektor, die burgerlike samelewing en akademiese instellings te vergemaklik.
- 3.10 **Klousule 10** maak voorsiening vir die Kommissaris om die publiek op te voed oor verskeie wetgewende en ander instrumente wat die regte, behoeftes en belange van kinders bevorder.
- 3.11 **Klousule 11** maak voorsiening vir die Kommissaris om steun te werf by die Provinsiale Parlement, nasionale Parlement of 'n munisipale raad en aanbevelings te maak oor bestaande of voorgestelde wetgewing wat die regte, behoeftes of belange van kinders raak of waarskynlik sal raak. Verder kan die Kommissaris steun werf by enige staatsorgaan, organisasie, instelling of agentskap en aanbevelings maak oor bestaande of voorgestelde beleid of praktyk wat die regte, behoeftes of belange van kinders raak of waarskynlik sal raak.
- 3.12 **Klousule 12** maak voorsiening vir die Kommissaris om raad te gee en aanbevelings te maak aan enige persoon of staatsorgaan in die Provinsie wie se beleid en praktyk met betrekking tot kinders deur die Kommissaris gemonitor, ondersoek of nagevors word. Wanneer die Kommissaris 'n aanbeveling aan enige persoon of staatsorgaan maak, moet daardie persoon of staatsorgaan skriftelik verslag doen aan die Kommissaris oor hul optrede in reaksie op die aanbeveling.
- 3.13 **Klousule 13** maak voorsiening vir die proses wat gevolg moet word wanneer daar versoek word dat 'n aangeleentheid deur die Kommissaris gemonitor, ondersoek of nagevors word.
- 3.14 **Klousule 14** maak voorsiening vir die betrokkenheid van kinders by die werk van die Kommissaris.
- 3.15 **Klousule 15** maak voorsiening vir bykomende bevoegdhede en pligte van die Kommissaris. Die Kommissaris mag die Suid-Afrikaanse Polisie diens vergesel wanneer bevoegdhede van deursoeking en beslaglegging uitgeoefen word ten opsigte van enige aangeleentheid wat verband hou met die belange en beskerming van kinders, mag enigiemand dagvaar om te getuig of aan enigiemand kennis gee om voor hom of haar te verskyn en enigiemand wat as 'n getuie voor die Kommissaris verskyn, 'n eed of plegtige verklaring oplê.
- 3.16 **Klousule 16** maak voorsiening vir die pligte van die Kommissaris om jaarliks aan die Provinsiale Parlement verslag te doen, om oor die inligting afkomstig van ondersoeke, monitering en navorsing verslag te doen aan die Premier en tersaaklike provinsiale staatsorgane en om op enige ander tyd spesiale verslae aan die Provinsiale Parlement voor te lê.
- 3.17 **Klousule 17** bepaal dat staatsorgane die Kommissaris moet bystaan en beskerm en dat geen persoon of staatsorgaan by die funksionering van die Kommissaris mag inmeng of dit verhinder nie.

- 3.18 **Klousule 18** bepaal dat alle persone, of staatsorgane wat 'n diens aan kinders lewer, op die versoek van die Kommissaris enige inligting wat binne die bestek van die Kommissaris se funksies val, aan die Kommissaris moet verstrek. Alle staatsorgane wat 'n diens aan kinders lewer, moet toelaat dat die Kommissaris, met die doel om 'n funksie te verrig, toegang tot hul perseel het.
- 3.19 **Klousule 19** bepaal dat die administratiewe funksies van die kantoor van die Kommissaris verrig word deur personeellede wat deur die Direkteur-generaal van die Provinsie ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), aangestel word.
- 3.20 **Klousule 20** bepaal dat die Provinsiale Parlement fondse moet bewillig om die Kommissaris in staat te stel om sy of haar funksies te verrig.
- 3.21 **Klousule 21** maak voorsiening vir die vergoeding en aanstellingsvoorwaardes van die Kommissaris.
- 3.22 **Klousule 22** bepaal dat die Kommissaris skenkings behoudens toepaslike finansiële voorskrifte mag ontvang.
- 3.23 **Klousule 23** bepaal dat die Kommissaris nie aanspreeklik is ten opsigte van enige redelike handeling wat te goeder trou kragtens die bepalings van die Wet of die Provinsiale Grondwet verrig is nie.
- 3.24 **Klousule 24** maak voorsiening vir die delegering van bevoegdheide en die opdra van pligte deur die Kommissaris.
- 3.25 **Klousule 25** maak voorsiening vir die Premier om enige regulasies te maak om die doelwitte van die Wet te bereik.
- 3.26 **Klousule 26** maak voorsiening vir misdrywe en strawwe vir 'n oortreding van verskeie bepalings van die Wet.
- 3.27 **Klousule 27** maak voorsiening vir die kort titel van die Wet.

4. OORLEGPLEGING

Die volgende rolspelers is by die opstel van hierdie Wetsontwerp geraadpleeg:

- (a) Departement van die Premier: Regsdienste; en
- (b) Departement van die Premier: Beleid en Strategie.

Die Konsepwetsontwerp is ook in die *Provinsiale Koerant* vir openbare kommentaar gepubliseer.

5. PERSONEELIMPLIKASIES

Die kantoor van die Kommissaris vir Kinders sal in die Departement van die Premier gesetel wees. Die Kommissaris sal 'n ondersteuningstruktuur benodig om sy of haar funksies te verrig. 'n Organisasie-ontwikkelingsproses sal die ondersteuningstruktuur bepaal. Die personeel sal ingevolge die Staatsdienswet, 1994, aangestel word deur die Direkteur-Generaal of 'n ander beamppte wat onder gedelegeerde bevoegdheid handel.

6. FINANSIËLE IMPLIKASIES

Uitgawes van die kantoor van die Kommissaris vir Kinders sal gefinansier word as 'n deel van die begrotingsprosesse van die Wes-Kaapse Regering. Die kantoor van die Kommissaris vir Kinders word toegelaat om skenkings te ontvang.

7. WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Die Premier van die Wes-Kaap is oortuig dat al die bepalings in die Wetsontwerp onder die wetgewende bevoegdheid van die Provinsie ressorteer.

UMTHETHO OSAYILWAYO

Wenzelwa ukubonelela ngokuqeshwa koMkhomishinala wabaNtwana kwiphondo leNtshona Koloni; nangokubonelela ngemiba yeziganeko.

NJENGOKO kukho isidingo sokukhusela nokukhuthaza amalungelo, izidingo neemfuno zabantwana kweli Phondo;

NANJENGOKO icandelo 78 loMgaqo-siseko weNtshona Koloni, 1997, lisungula iofisi yoMkhomishinala wabaNtwana wephondo kwaye kubonelelwe ukuba uMkhomishinala makancedise uRhulumente weNtshona Koloni ekukhuseleni nasekukhuthazeni imidla yabantwana kwiPhondo;

NANJENGOKO udingeka umthetho obanzi ukuze ubonelele ngemiba ethile ephathelene nalo ofisi;

NGAKO OKO KE KUWISWA UMTHETHO yiPalamente yeNtshona Koloni, ngolu hlobo lulandelayo:—

ISAHLUKO 1

INKCAZO-MAGAMA

Inkcazo-magama	5
1. Kulo Mthetho, ngaphandle kokuba umxholo uthetha enye into—	
“umntwana” uthetha umntu oneminyaka engaphantsi kweli-18 ubudala;	
“UMkhomishinala” uthetha uMkhomishinala wabaNtwana osungulwe licandelo 78 loMgaqo-siseko wePhondo;	
“Umgqosiseko” uthetha uMgaqosiseko weRiphabhlikhi yoMzantsi Afrika, 1996;	10
“iarhente yombuso” ithetha iarhente yombuso njengoko kuchaziwe kwicandelo 239 loMgaqo-siseko;	
“iNkulumbuso” ithetha iNkulumbuso yePhondo;	
“IPhondo” lithetha iphondo leNtshona Koloni;	15
“UMgaqo-siseko wePhondo” uthetha uMgaqo-siseko weNtshona Koloni, 1997 (uMthetho 1 ka-1998);	
“isebe lephondo” lithetha isebe elikwiPhondo elidweliswe kuMqolo 1 weShe-dyuli 2 kuMthetho weeNkonzo zoLuntu (Public Service Act, 1994) (uMpoposho 103 ka-1994), kwaye kuquka iSebe leNkulumbuso;	20
“IPalamente yePhondo” ithetha ipalamente yePhondo;	
“ikomiti elawulayo” ithetha ikomiti elawulayo yePalamente yePhondo emsebenzi wayo ikukujongana okanye uquka imicimbi yabantwana kweli Phondo;	
“lo Mthetho” uquka nayiphi na imigaqo ekhutshwe phantsi kwalo Mthetho.	

ISAHLUKO 2
UQESHO NEOFISI YOMKHOMISHINALA

Uqesho

2. (1) INkulumbuso imele iqeshe umntu njengoMkhomishinala kangangexesha leminyaka emihlanu, elixesha elihlaziywa kubekanye. 5
- (2) Ikomiti elawulayo imele—
- (a) ngokwenza izaziso kumajel' eendaba, ezingeelwimi ezisemthethweni zePhondo, enze isimemo sotyumbo kuluntu ukuze kufumaneke abantu abafanelekileyo kwisikhundla sokuba nguMkhomishinala;
